Publication: Son (Kaap)
Date: Monday, June 14, 2021
Page: 3

# IKOON KRY HAAR STAATSBEGRAFNIS

## Al haar mense het kom groet

KELLY-LEE OHLSON
kelly-lee.ohlson@son.co.za

**UPINGTON se queen het harte oral Suid-Afrika en die wêreld gesteel.**

Haar sprankelende persoonlikheid, klinkende bangles, lang, fladderende eyelashes, diep dimples, lekker kekkellag en groot en reguit mond waaruit haar Noord-Kaapse-aksent trots oor haar altyd rooi lippe gevloei het …

Dít is hoe die ikoniese en veelbekroonde aktrise Shaleen Surtie-Richards gister op haar amptelike provinsiale staatsbegrafnis in die Durbanville Memorial Park onthou is.

SMS JOU MENING OOR DIÉ STORIE AAN
32369
SÊ ONS!
SMS'e KOS R1.50

Die aktrise is finaal gegroet met 'n pragtige begrafnis geskik vir 'n queen. Die rooi mat en goue pilare is uitgebring en daar was oral pragtige groot rooi blomme om die lewe van dié flambojante aktrise met die groot persoonlikheid te vier.

Shaleen, wat al met meer as 60 toekennings vereer is, het dit verpes as fans haar in die pad voorkeer en haar op haar karakter- en verhoogname genoem het.

Sy is gereeld Nenna, Fiela, Makietie en Shirley Valentine genoem omdat sy hierdie karakters met soveel oorgawe, oortuiging en afronding vertolk het dat fans vergeet het dat sy 'n aktrise is.

Shaleen se jare lange kunstenaarvriende Basil Appollis, Royston Stoffels en June van Merch het haar lewe en loopbaan op 'n unieke manier aan begrafnisgangers opgedra.

Hulle het haar staaltjies en loopbaan-hoogtepunte kleurryk oorvertel en hul gedeelte afgesluit met 'n voorlesing uit die teaterstuk *Hallo en Koebaai*, waarvoor Shaleen in 1985 haar eerste toekenning as beste aktrise in 'n play ontvang het.

Lionel Surtie het sy suster se begrafnisdiens behartig met 'n pragtige boodskap getiteld "Moenie Vrees Nie".

Hy noem dat baie van ons met kiste vrees loop wat nooit by ons afgelewer word nie en dat ons nie moet bang wees om te lewe nie.

"Dit is nie die dood wat ons moet vrees nie, maar dat ons nooit lewe nie.

"'n Lang lewe mag dalk nie goed wees nie, maar 'n goeie lewe is goed.

"Ons lewe is ter voorbereiding vir die ewigheid. Ons lewe op aarde is soos die nege maande in die baarmoeder.

**Opsies**

"Soos die nege maande 'n voorbereiding is vir die lewe op aarde, is die lewe op aarde 'n voorbereiding vir die ewigheid. Op aarde kan jy enige keuse maak, maar in die ewigheid is daar net twee opsies."

Patricia de Lille, die minister van openbare werke, het 'n ernstige saak aangeroer.

"Shaleen Surtie-Richards se dood moet 'n wake-up call wees vir ons om kunstenaars en die kunstebedryf te beskerm," het De Lille se boodskap gelees.

Die minister is tans onder kwarantyn nadat sy verlede week positief vir Covid-19 getoets het. Haar boodskap is deur 'n vriend, Rodney Lentit, voorgelees.

Onder die bekendes wat Shaleen se begrafnis bygewoon het, was die minister van kuns en kultuur, Nathi Mthethwa, die Wes-Kaapse LUR vir kultuur en sport, Anroux Marais, Emo Adams, Soli Philander, Euodia Samson, Crystal-Donna Roberts, Marlene le Roux, Hannes van Wyk, Karin Kortjé, Mujahid George, August West en Donveno Prins.

Soos die woorde in die play *Hallo en Koebaai* lui: "Dis koebaai for keeps. Sy is weg vir altyd."

Koebaai, Shaleen, jy sal vir ewig in ons harte wees.



**AANDAG:** Nathi Mthethwa en Anroux Marais betoon hul laaste eer aan Shaleen Surtie-Richards.





**VAARWEL:** Shaleen Surtie-Richards se kis word by die kerk ingedra. **Foto's: PETER ABRAHAMS**



**BOODSKAP:** Surtie-Richards se broer Lionel Surtie bring die boodskap tydens die diens.

## Gedig vir Shaleen

Shaleen Surtie-Richards se son het gesak
en Suid Afrika steier geskok en geknak,
Upington se prinses se stem is stil
en met soveel seer is die nasie gevul
haar unieke karakter het keer op keer
ons droewige dae met gelag ingekleur,
selfs in moeilike tye kon sy ons vermaak
met haar sin vir humor en soete smaak
as aktrise het sy 'n lang pad gestap
en diep spore op die verhoog getrap,
ons opgewekte, nederige ikoon
het voorwaar in vele huise kom woon
Shaleen Surtie-Richards, ons verlang
en niemand sal haar ooit kan vervang,
haar geseënde reis het ten einde geloop
maar in mooi herinneringe is ons hoop
haar sprankelende voorkoms het elke maal
ons uit die doolhof van hartseer kom haal
sy het uitgereik in tye van nood
en selfs haar eie pyn opsy gestoot
sy kon liefhê én omgee deur dik en dun
soos Fiela Komoetie vir haar Benjamin,
ons Nenna van *Egoli* met die warm hart
was soos salf vir soveel siele se smart
ons verloor 'n legende enig in haar soort,
maar in almal se harte lewe sy voort…
Shaleen Surtie-Richards, ek lig my hoed,
maar was nie gereed om nou al te groet.

– Bernard Fielies

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.